

Publication: Beeld,Daily (Main)
Publication Date: 16 Sep 2020
Page: 11

AVE: 124155.86
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

BAANBREKER-UITSPRAAK

# Struwig 'n stem vir slagoffers

## Gestremde slagoffer kry uiteindelik geregtigheid

**Anena Burger**

'n Klag van seksuele aanranding van 'n gestremde minderjarige meisie van Upington kon maklik tussen die krake verdwyn het as dit nie vir die ondersoekbeampte was wat botweg geweier het om op te gee nie.

Dié ondersoekbeampte is ao. Marius Struwig wat al 20 jaar aan die polisie se eenheid teen gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksuele misdrywe (GKS) verbonde is.

'n Man is op 26 Augustus, ná 'n stryd van sewe jaar en baanbrekerswerk, uiteindelik tot agt jaar tronkstraf gevonnis weens die seksuele aanranding van die meisie (14).

Die saak het reeds in 2019 wyd opslae gemaak toe dit aan die lig gekom het dat 'n spesiale kommunikasietoestel ontwerp is om haar te help om in die hof te kon getuig.

Die meisie, wat weens haar gestremdheid nie behoorlik kan praat of skryf nie, is ook deur 'n spraakterapeut in die hof bygestaan om haar getuienis te lewer.

Struwig het in dié saak die deur vir gestremde slagoffers van seksuele oortredings wêreldwyd oopgeskop sodat hulle geregtigheid kan kry.

Struwig het 20 jaar gelede by die eenheid aangesluit nadat hy besef het dat hy 'n passie vir sake het waar vroue en kinders slagoffers van geweld is.

Hy wou graag help op enige moontlike manier wat tot sy beskikking was.

"Veral met seksuele oortredings. Dít het my geïnspireer om by die eenheid aan te sluit en 'n verskil te maak in die slagoffers se lewens."

Hy is destyds net voor die opspraakwekkende saak van baba Tshepang, wat op nege maande in Upington verkrag is, aangestel.

Met daardie saak moes hy die ondersoekbeampte bystaan en het sy passie vir dié loopbaan, wat hy pas betree het, net nog groter opgevlam.

Weens die sensitiwiteit van die saak en om haar identiteit te beskerm, mag hy nie uitwei oor waar Tshepang haar nou bevind nie.

Maar, sê hy met sy groot glimlag en sagte stem, hulle het na al die jare nog gereeld nuus oor die meisie ontvang en dit gaan goed met haar.

> **"Die vertroue wat die gemeenskap in jou het, laat jou voel dat jy iets vir mense beteken en dat jy daadwerklik 'n verskil in hul lewens maak.**

Die feit dat Struwig ook 'n dogter en kleindogter het, is een van die groot dryfvere vir sy werk.

"Juis omdat hulle ook so maklik soos enige ander vroue in hierdie bootjie kon wees, doen ek hierdie werk om seksuele oortreders uit ons samelewing te verwyder."

In 'n gemeenskap waar verkragtings van vroue en kinders in 'n stadium so erg was dat Upington in die parlement die "verkragtinghoofstad van Suid-Afrika" genoem is, is Struwig 'n bekende en geliefde figuur onder slagoffers wat hy al in dié verband bygestaan het.

Hy bloos effens oor dié bekendheid, maar sê dit help hom geweldig in sy werk wanneer hy sake ondersoek.

"Die vertroue wat die gemeenskap in jou het, laat jou voel dat jy iets vir mense beteken en dat jy daadwerklik 'n verskil in hul lewens maak.

"Jy kan nie verander wat gebeur het nie, maar jy kan verseker dat hul lewens vorentoe beter kan wees."


Agt jaar gelede het die geskiedkundige saak van die gestremde meisie oor sy pad gekom. Dit was 'n deurslaggewende saak in sy loopbaan en hy het geweet hy pak 'n moeilike pad aan.

"Dit is 'n tendens, waar gestremde persone betrokke is, dat dié sake nie vorder of tot 'n punt kom nie, juis weens die kompleksiteit van die aard dat dit moeilik is om getuienis te kan lewer.

"Maar 'n mens moet glo, volhou, nie moed opgee nie en aanhou en dit is wat ek gedoen het."

Dit het jare geneem om die howe te oortuig om die saak aan te hoor, maar Struwig was nie bereid om tou op te gooi nie.

Hy het navorsing gedoen oor moontlike maniere hoe hy die meisie kon help om haar getuienis te lewer en is na die Universiteit van Pretoria se Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (CAAC) verwys. Dié sentrum bied onder meer hulp aan gestremdes wat weens breinbeserings nie kan kommunikeer nie.



**Ao. Marius Struwig**
Foto: ANENA BURGER

Struwig het die meisie na Pretoria geneem waar sy deur professors van die universiteit geëvalueer is.

"Dit is waar hulle toe met die voorstel gekom het dat hulle wel 'n apparaat het wat suksesvol aangepas kan word waarmee sy in die hof kan getuig."

'n Aansoek is by die hof ingedien om die toestel te gebruik. Daar moes eers aan die hof bewys word dat die apparaat wel suksesvol kon werk. Aangesien dit die eerste keer was dat so 'n aansoek ingedien is, was dit nie 'n maklike taak nie.

Die aanklaer, wat ook passievol oor die saak was, moes 'n goeie motivering gee en die apparaat is oor en oor getoets totdat die hof oortuig was dat dié toestel sou help dat die meisie se getuienis in 'n hof aanvaar kon word.

Benewens die apparaat, wat die saak tot in die geskiedenisboeke gedryf het, is die meisie ook bygestaan deur 'n span wat wou sien dat geregtigheid vir haar en ander gestremdes sou geskied.

Struwig sê met die ondersteuning van Inge Reichert, 'n maatskaplike werker wat voorheen aan die vereniging vir persone met gestremdhede (APD) verbonde was, en wat die saak voor die Menseregtekommissie, die minister van vroue, kinders en mense met gestremdhede, die nasionale vervolgingsgesag en die nasionale raad van en vir persone met gestremdhede (NCPD) gebring het, was hulle 'n wenspan wat voluit die pad sou stap.

Hy sê die uiteindelike skuldigbevinding en vonnisoplegging van die oortreder was vir hom 'n hoogtepunt in sy loopbaan.

"Dit was 'n groot verligting dat ons uiteindelik geregtigheid vir haar kon kry. 'n Mens vorm 'n band met die slagoffers vir wie jy baklei.

"Die kinders het weinig iemand wat vir hulle 'n stem kan wees," sê Struwig wat in baie kinders se lewens 'n held geword het – al voel hy eerder net dankbaar dat hy vir hulle kon opstaan.

Hy is nou 'n gesoute ondersoeker in die GKS-eenheid en op die vraag wat sy volgende doelwit is, antwoord hy doelgerig dat hy die volgende geslag ondersoekers graag wil oplei om dié belangrike werk te verrig.

"Ons werk in 'n gespesialiseerde en unieke veld waar geweld teen vroue en kinders 'n massiewe probleem in Suid-Afrika is.

"Ek wil die volgende geslag ondersoekers oplei om nog meer suksesvol te wees. Ek wil my kennis en ervaring aan hulle oordra sodat hulle nog groter suksesse behaal."

Hy het net lof vir sy kollegas van die GKS-eenhede in die Noord-Kaap.

"Jy stap nie net in hierdie werk in omdat dit 'n pos is om te beklee nie. Jy móét 'n passie hiervoor hê en 'n verskil wil maak.

"My kollegas in die Noord-Kaap is skerp potlode wat alles in die stryd werp om die werk te verrig wat ons doen."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.